Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies nodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.

Hou buite bereik van kinders.

Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.

Vermy inaseming van stuifsel en spuitstof.

Was hande en gesig deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.

Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.

Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.

Vermy vrystelling in die omgewing.

Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oog- en gesigbeskerming.

INDIEN OP VEL: Was met baie seep en water.

Indien velirritasie of uitslag ontstaan: Kry mediese hulp.

INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Kry mediese hulp.
INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.
Vir spesifieke behandeling, verwys na die noodhulpbehandeling op hierdie etiket.
Trek alle besoedelde klere uit en was dit voor hergebruik.
Maak storsel bymekaar.
Berg agter slot en grendel.
Raak ontslae van inhoud en houers volgens nasionale regulasies.

SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houër om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houër drie keer uit met vars water, teen 'n kwart van die houër se volume, en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houër, waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moet nie die houër begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houër vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Asoksistrobien (Cas no: 131860-33-8) Akute Giftigheid Inaseming Kategorie 4, H332; Waterlewend Akut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (20 % m/v).

Difenokonasool (Cas no: 119446-68-3) Akute Giftigheid Mondelings Kategorie 4, H302; Oogirritasie Kategorie 2, H319; Waterlewend Akut Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (12.5 % m/v).

1,2-bensisotiasolien-3-oon (Cas no: 2634-33-5) Vel Allergie Kategorie 1, H317 (< 1 % m/v).

NOODHULPBEHANDELING

Ingeval van 'n ongeluk of as u onwel voel, verkry mediese hulp dadelik en wys ETIKET indien moontlik.

- INGEASEM:**
- Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe.
 - MOET NIE mond-tot-mond-asemhaling toepas indien die slagoffer die stof opgeneem of ingeasem het nie; was gesig en mond voordat kunsmatige asemhaling toegepas word. Gebruik 'n sakmasker toegegerus met 'n eenrigtingklep of ander geskikte mediese asemhalingtoestel.
- VEL:**
- Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Kry mediese hulp.
 - Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik en gaan stort.
 - Spoel aangetaste areas met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik.
- OË:**
- Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
 - Spoel oë versigtig met skoon lopende water vir ten minste 15 minute terwyl die ooglede vanmekaar gehou word. Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
- OPNEMING:**
- Indien ingesluk MOET NIE vomering aanmoedig nie, tensy deur 'n gifbeheersentrum of dokter aangesê word om dit te doen.
 - Laat persoon slukkies van 'n glas water neem indien in staat om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie. Kry mediese hulp.
- NOTA AAN GENEESHEER:**
- Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
- MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE:**
- Geen beduidende nadelige effekte is aangemeld nie. Geringe oogirritasie kan voorkom. Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur: Obstructo Prime 325 SC is 'n groeppode (11) en (3) swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individueel insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Obstructo Prime 325 SC** of enige ander groeppode (11) en (3) swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individueel uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **Obstructo Prime 325 SC** of enige ander groeppode (11) en (3) swamdoders beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- ▶ vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groeppode. Wissel af met, of gebruik tenkingsels van produkte in verskillende swamdoder groeppodes,
- ▶ raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkingsels gemaak word, met produkte in ander swamdoder groeppodes,
- ▶ integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme.
- ▶ waar weerstand bekend is of vermoed word, moet **Obstructo Prime 325 SC** nie alleen toegedien word nie, maar in kombinasie met swamdoders van 'n ander swamdoder groeppode. Hierdie bestuur strategie om weerstand te voorkom, moet egter nie swamdoder produkte insluit waar weerstand in die verlede aangemeld is nie, of dieselfde werkswyse het nie,
- ▶ vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk of jou plaaslike verskaffer,
- ▶ besoek die FRAC-webwerf by <https://www.frac.info/> vir meer inligting,
- ▶ om die effektiwiteit van **Obstructo Prime 325 SC** te handhaaf is dit belangrik om die ontwikkeling van siekte weerstand teen (11) en (3) swamdoders te voorkom.

WERKINGSWYSE

Asokistrobien behoort aan die strobilurien klas swamdoders (FRAC groep 11). Strobilurien, ook bekend as Qol swamdoders, inhibeer mitochondriale respirasie wat lei tot 'n energietekort in die swamselle deur energieproduksie te staak wat swamdood veroorsaak (inhibeer spoorontkieming, miseliumgroei en sporulering).

Difenokonasool (triasool) is 'n sistemiese demetieleringsinhiberende (DMI) swamdoder met beskermende, genesende en uitwissende aksie. Difenokonasool werk deur die selwande van swamme te beïnvloed deur spoorontkieming en swamgroei te onderdruk.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Dit is belangrik dat **Obstructo Prime 325 SC** voorkomend, voordat simptome ontwikkel, aangewend word, soos in die toedieningstabel aanbeveel word.
- Gebruik slegs die aanbevole dosisse wat op die etiket aangedui word, MOET NIE die dosisse verlaag nie.
- **Obstructo Prime 325 SC** moet as 'n voldekbepuiting aangewend word.
- Moet nooit **Obstructo Prime 325 SC** as 'n regstellende of genesende behandeling, wanneer siekte reeds teenwoordig is, of na 'n mislukte behandeling van enige produk, aanwend nie.
- Wanneer 'n tenkmengsel gebruik word, of met ander swamdoders gewissel word, gebruik slegs geregistreerde mengbare produkte wat individueel ook effektiewe siektebeheer kan toepas.
- Herhaal toediening indien dit binne twee ure na aanwending reën.

GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

Obstructo Prime 325 SC is verenigbaar met die meeste swamdoders, insekdoders en mytdoders, maar vermy produkte wat swaar metale bevat. Die verenigbaarheid van **Obstructo Prime 325 SC** met ander produkte hang af van die formulering van die verskeie produkte sowel as die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik gaan word. Aangesien die formulering van ander produkte van tyd tot tyd sonder ons wete kan verander, en die kwaliteit van die spuitwater tussen produsente ook kan verskil, word dit dus aanbeveel dat 'n kleinskaalse fisiese verenigbaarheidstoets voor die opmaak van 'n tenkmengsel, uitgevoer moet word. Raadpleeg altyd die etikette van die produkte wat saam met **Obstructo Prime 325 SC** in 'n tenkmengsel gevoeg word.

MENGINSTRUKSIES:

Maak mengtenk halfvol met skoon water. Skud die **Obstructo Prime 325 SC** houër deeglik voor gebruik en meng die aanbevole hoeveelheid vooraf in ten minste 10 ℓ water. Meng enige ander produk vooraf afsonderlik op dieselfde wyse. Terwyl mengtenk geroer word, voeg die vooraf gemengde produkte in die volgende volgorde by: buffers/versuurder, benatbare poeiers, wateroplosbare korrels, suspensie konsentrate, emulsifiseerde konsentrate en oplosbare konsentrate laaste. Voeg produkte wat in wateroplosbare materiaal verpak is eerste by en **Obstructo Prime 325 SC** daarna. Vul mengtenk met skoon water tot by verlangde vlak terwyl dit voordurend gemeng word. Roer mengsel deeglik voor en deurgaans tydens toediening. MOET NIE toelaat dat die mengsel uitsak nie. **DIE TENKMENGSSEL MOET ONMIDDELLIK UITGESPUIT WORD EN NIE TOEGELAAT WORD OM OORNAG IN DIE SPUITENK TE STAAN NIE.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespuit/skoongemaak word na afloop van toediening.

MAAK SPUITTOERUSTING ONMIDDELLIK NA GEBRUIK SKOON: Spesiale aandag en versorging moet tydens die skoonmaak van alle toerusting wat in die meng- en toedieningsproses van **Obstructo Prime 325 SC** gebruik is, toegepas word om skade aan ander gewasse te voorkom.

GRONDTOEDIENING:

- **Obstructo Prime 325 SC** kan met 'n konvensionele hoë volume spuitapparaat toegedien word. Die spuitpunte moet met holkeëlsputkoppe toegerus word wat medium tot fyn druppels verseker.
- Maak seker dat die spuitapparaat korrek gekalibreer is, en gaan gereeld na sodat die korrekte dosis en bedekking toegedien word.
- Die verspreiding van die spuitmengsel oor die teikengebied moet uniform wees. Moet nie dat die toedienings oorvleuel nie aangesien dit gewasse kan beskadig.
- Die verspreiding van die spuitmengsel moet uniform wees en deeglike bedekking van die hele plant (insluitende die stiele en blare) is belangrik, gebruik genoegsame water en toepaslike spuitapparaat. Moet nie deur ultra-lae volume (ULV) spuitsisteme toedien nie.
- Herhaal die toediening indien dit binne twee (2) ure na bespuiting reën.
- Vermy drywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en ander nie-teiken areas.

LUGTOEDIENING:

VERMY SPUITSTOF WEGDRYING TEN ALLE TYE

Lugtoediening van **Obstructo Prime 325 SC** mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur en met akkurate gekalibreerde vliegtuie, soos deur SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) instruksies vereis, uitgevoer word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitstof eweredig oor die teiken area versprei word en dat die verlies van spuitstof gedurende toediening tot 'n minimum beperk word. Deeglike bedekking is van kardinale belang vir effektiewe resultate. Gebruik slegs op gewasse soos in die etiket aangedui word. Dit is van belang dat die volgende kriteria gevolg word:

TOEDIENINGSRIGLYNE:

- **Volume:** 'n Minimum volume spuitmengsel van 30 – 40 ℓ water/ha word aanbeveel behalwe indien anders in die toedieningstabel aanbeveel word. Aangesien **Obstructo Prime 325 SC** nie teen 'n verlaagde volume toediening geëvalueer is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg of verantwoordelik vir enige nadelige gevolge gehou word, indien hierdie produk teen 'n verlaagde volume aangewend word as wat aanbeveel is nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 25 – 35 druppels per vierkante sentimeter (cm²) moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 – 300 mikron (µm) word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as < 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 m. Moet nie spuit wanneer vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit.

APPARAAT:

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidrouliese spuitkoppe of roterende atomiseerders) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teikenarea sal produseer en die minste verlies van produk sal verseker, hetsy deur endodrywing (binne teikenveld) of eksodrywing (buite teikenveld).
- Die operateur moet die spuitstelsel so oprig dat dit 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Alle spuitkoppe of atomiseerders moet in die binneste 60 – 75 % van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.

METEORLOGIESE TOESTANDE:

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droë-boltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry of verlaag tot laer as 5 km/h.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken areas.
- Onder die volgende klimaatstoestande kan drywing tot en met 3 – 5 km vanaf die naaste bespuitingsroete van die vliegtuig voorkom:
 - Bewolkte weer met relatiewe humiditeit van 80 % en lae lugbeweging van minder as 5 km/h.
 - Wanneer sulke toestande voorkom moet lugtoediening **NIE** op sensitiewe gewasse uitgevoer word **NIE**.
- Verseker dat teiken areas akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter areas gespuit moet word. Voorsien die vlieënier met duidelike aanwysings van watter areas behandel moet word, verkieslik d.m.v. 'n kaart of GPS koördinate. Dui aanliggende omgewingssensitiewe areas of sensitiewe aangrensende gewasse, byekorwe of waterbronne wat deur die swamdoder geaffekteer kan word aan.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat daar aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat sal word vir toekomstige verwysing.
- Herhaal toediening indien dit binne twee (2) ure na aanwending reën.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS Vroeë-roes <i>(Alternaria solani)</i>	Grond- en Lugtoediening 375 ml/ha SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 750 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Onder gunstige toestande vir siekteontwikkeling, moet Obstructo Prime 325 SC in blokke van twee (2) opeenvolgende bespuitings 7 – 10 dae uitmekaar toegedien word. ▶ Vir vroeë roes: Obstructo Prime 325 SC kan met 14 dae intervale herhaal word, mits dit elke 7 dae met 'n geregistreerde swamdoder van 'n ander FRAC groeppkode afgewissel word. ▶ Vir laatroes (Phytophthora infestans): die toediening van Obstructo Prime 325 SC afgewissel met chlorothalonil 500 SC of chlorothalonil 720 SC, teen die geregistreerde dosis, in 'n 7-dag siklus sal ook voorkomende beheer verskaf. ▶ Waar grond-/trekertoedienings nie moontlik is nie, kan lugtoediening oorweeg word, alhoewel verlaagde effektiwiteit verwag kan word. ▶ 'n Maksimum van ses (6) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
BOLGEWASSE (boluie, grasuie, knoffel en preie) Botrytis blaarskroei <i>(Botrytis spp.)</i> Persvlek <i>(Alternaria porri)</i>	Grond- en Lugtoediening 500 ml/ha SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 1000 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Dien Obstructo Prime 325 SC as 'n oorkomende voldekbespuiting toe, in voldoende watervolumes om deeglike bedekking te verseker. ▶ Obstructo Prime 325 SC moet as deel van 'n beskermende spuitprogram gebruik word in 7 – 10 dag intervale, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe. ▶ Begin die spuitprogram voor die aanvang van siekte, wanneer toestande gunstig vir siekteontwikkeling is. ▶ MOET NIE meer as een (1) toediening van Obstructo Prime 325 SC toedien voordat daar met 'n onverwante swamdoder, vanuit 'n ander FRAC groep, afgewissel word nie. ▶ 'n Maksimum van vier (4) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word. ▶ 'n Adjuvant kan teen die geregistreerde dosis bygevoeg word om effektiwiteit potensieël te bevorder.

<p>DROËBONE</p> <p>Antraknose (<i>Colletotrichum lindemuthianum</i>)</p> <p>Roes (<i>Uromyces appendiculatus</i>)</p>	<p>Grondtoediening 500 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUME <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 500 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Begin by blominisiasie en dien twee (2) opeenvolgende toedienings, 14 dae uitmekaar, toe. ▶ 'n Maksimum van twee (2) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
<p>GEELWORTELS</p> <p>Alternaria skroei (<i>Alternaria dauci</i>)</p>	<p>Grondtoediening 500 mℓ/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Dien Obstructo Prime 325 SC as 'n voorkomende behandeling voor die aanvang van die siekte toe. ▶ MOET NIE meer as twee (2) opeenvolgende toedienings, 7 – 10 dae uitmekaar, toedien nie. Dien die eerste toediening sodra die eerste ware blare sigbaar is, of sodra die eerste simptome sigbaar is.
<p>Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe</i> spp.)</p>	<p>Grond- en Lugtoediening 880 – 1000 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 750 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ 'n Maksimum van twee (2) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word. ▶ Wanneer siektdruk hoog is, gebruik die korter interval teen die hoogste dosis. ▶ Wissel behandelings met onverwante swamdoders, vanuit verskillende FRAC groepe, af. ▶ Obstructo Prime 325 SC kan binne 'n spuitprogram saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe gebruik word.
<p>GRAANSORGHUM</p> <p>Roes (<i>Puccinia sorghi</i>)</p>	<p>Grond- en Lugtoediening 500 – 1000 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 450 ℓ water/ha <u>Hoë-balk trekkertoediening:</u> 150 – 300 ℓ water/ha <u>Rugsakspuittoediening:</u> 60 – 70 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Begin Obstructo Prime 325 SC toediening voordat 3 % van die totale blaaroppervlakte simptome wysig. ▶ Dien Obstructo Prime 325 SC as 'n voorkomende behandeling vir effektiewe siektebestuur toe. ▶ Dien Obstructo Prime 325 SC teen 21 – 28 dag intervalle toe, gebruik die korter interval teen die hoogste dosis indien siektdruk hoog is. ▶ Wanneer Obstructo Prime 325 SC op “kort-seisoen” baster varieteite toegedien word, sal een (1) spuit na bestuiwing, waarskynlik voldoende wees om die siekte vir die res van die seisoen te beheer, en verdere toedienings mag dus onnodig wees. ▶ Indien die eerste toediening egter reeds teen 'n baie vroeë stadium toegedien is, kan 'n derde toediening dalk nodig wees. ▶ 'n Maksimum van drie (3) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
<p>GRANATE</p> <p>Alternaria vrugvrot (<i>Alternaria alternata</i>)</p> <p>Botrytis vrugvrot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>100 mℓ/100 ℓ water</p> <p>SPUITVOLUME Sien onder vir boomry volume berekening (BRV)</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Dien Obstructo Prime 325 SC as 'n voorkomende behandeling gedurende die blomperiode toe. ▶ 'n Maksimum van twee (2) toedienings, 7 – 10 dae uitmekaar, kan per seisoen toegedien word. ▶ Gebruik Obstructo Prime 325 SC in 'n spuitprogram saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, wanneer meer as twee toedienings benodig word om siekte te beheer. ▶ Dien as 'n hoë volume voldekbepuiting toe. ▶ MOET NIE Obstructo Prime 325 SC toedien nadat die eerste vrugte 20 mm in diameter bereik het nie. ▶ Bevestig die relevante MRL wanneer op vrugte toegedien word wat vir uitvoere bestem is.
<p>Water volume (ℓ) per hektaar benodig vir voldekbepuiting volgens boomry volume (BRV) berekening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • BRV (Volle Blad) ℓ water/ha = (Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte <p>Gebruik die water volume per hektaar om die hoeveelheid Obstructo Prime 325 SC per hektaar benodig te bepaal, afhangende van die verskeie groeistadiums.</p> <ul style="list-style-type: none"> • BRV (Tot +/- 30 % blom) ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 60 % 		

- **BRV** (Volblom tot +/- middel November)
 ℓ water/ha = [(Boomhoogte X Boomdeursnit X 937)/Rywydte] X 80 %

Lae Volume Aanwending:

Wanneer 'n lae volume aanwending gebruik word, gebruik dieselfde hoeveelheid **Obstructo Prime 325 SC** per hektaar soos bereken vir die voldekbepuiting.

<p>GRONDBONE</p> <p>Vroeë blaarvlek (<i>Cercospora arachidicola</i>)</p> <p>Spatselvlek (<i>Phoma arachidicola</i>)</p>	<p>Grondtoediening 500 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 300 – 400 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Dien twee (2) opeenvolgende Obstructo Prime 325 SC bespuitings met 14 – 21 dae intervalle toe sodra die eerste simptome waargeneem word. ▶ Indien geen siekte teenwoordig is nie, begin die eerste toediening by blominsiasie, 10 – 12 weke na plant. ▶ 'n Maksimum van twee (2) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
<p>KOOLGEWASSE (brokkoli, brusselse spruite, blomkool, kool, kale)</p> <p>Alternaria siektes (<i>Alternaria</i> spp.)</p> <p>Poeieragtige meeldou (<i>Erysiphe polygoni</i>)</p>	<p>Grond- en Lugtoediening 800 – 1000 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 1000 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Dien Obstructo Prime 325 SC as 'n voorkomende voldekbepuiting in voldoende watervolumes toe, om deeglike bedekking te verseker. ▶ Obstructo Prime 325 SC moet as deel van 'n beskermende spuitprogram gebruik word in 7 – 10 dag intervalle, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe. ▶ Begin die spuitprogram voor die aanvang van die siekte, wanneer toestande gunstig vir siekteontwikkeling is. ▶ MOET NIE meer as een (1) toediening van Obstructo Prime 325 SC toedien voordat daar met 'n onverwante swamdoder, vanuit 'n ander FRAC groep, afgewissel word nie. ▶ 'n Maksimum van vier (4) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word. ▶ 'n Adjuvant kan teen die geregistreerde dosis bygevoeg word, en dit mag lei tot verhoogde effektiwiteit.
<p>MIELIES EN SUIKERMIELIES</p> <p>Grysblaarvlek (<i>Cercospora zeina</i>)</p> <p>Noordelike blaarskroei (<i>Exserohilum turcicum</i>)</p> <p>Roes (<i>Puccinia sorghi</i>)</p>	<p>Grond- en Lugtoediening 500 – 750 mℓ/ha OF 4.5 – 6.8 mℓ/100 m ry</p> <p>SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 250 – 450 ℓ water/ha OF 2 – 4 ℓ/100 m ry <u>Hoë-balk trekkertoediening:</u> 150 – 300 ℓ water/ha OF 2 – 4 ℓ/100 m ry <u>Rugsakspuittoediening:</u> 60 – 70 ℓ water/ha <u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Begin Obstructo Prime 325 SC toediening teen die 5 – 6 blaastadiums OF voordat 3 % van die totale blaaroppervlaktes simptome wysig OF teen die begin van die eerste simptome op die 3 – 5 basale blare. ▶ Vir effektiewe siektebestuur, dien Obstructo Prime 325 SC as 'n voorkomende behandeling toe, veral in die geval van Noordelike blaarskroei beheer. ▶ Dien opvolg Obstructo Prime 325 SC aanwendings na 'n 21 – 28 dag interval toe, gebruik die korter interval teen die hoogste dosis indien siektedruk hoog is. ▶ Wanneer op kort-seisoen baster varieteite toegedien word, sal een (1) spuit na bestuiwing, waarskynlik voldoende wees om die siekte vir die res van die seisoen te beheer, en verdere toedienings mag dus onnodig wees. ▶ Indien die eerste toediening teen 'n baie vroeë stadium toegedien is, kan 'n derde toediening nodig wees. In so geval word die eerste twee Obstructo Prime 325 SC toedienings teen 'n 21 – 28 dag interval toegedien en die laaste (derde) toediening word 21 – 28 dae na die tweede spuit toegedien. ▶ 'n Maksimum van drie (3) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
<p>WAARSKUWING:</p> <p>MIELIETOEDIENINGS: Die risiko van gestremde kopontwikkeling of "Arrested Ear Syndrome" (AES) op mielies neem dramaties toe wanneer enige toedienings (gewasbeskermingsprodukte, kunsmis, blaarvoeding, byvoegmiddels, ens.) tussen die V10 – VT (10^{de} blaar tot pluim verskyning) stadiums toegedien word. Toedienings tussen die V10 – VT groeistadiums van die gewas moet sover moontlik vermy word.</p>		
<p>NEUTE (amandel, kasjoe, makadama, pekan, pistachio)</p> <p>Bloeiselskroei (<i>Monilinia</i> sp.)</p>	<p>Grond- en Lugtoediening 500 – 1000 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUMES</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Obstructo Prime 325 SC moet in 'n beskermende spuitprogram teen 10 – 14 dag intervalle, saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toegedien word. ▶ MOET NIE meer as twee (2) opeenvolgende Obstructo Prime 325 SC spuite binne die spuitprogram toedien nie.

<p>Makadama: Vrughuselvrot/Antraknose (<i>Colletotrichum</i> spp.)</p> <p>Makadama: "Rats tail"/Bloeiselsversenging (<i>Cladosporium cladosporioides</i>)</p> <p>Pekan skurfsiekte (<i>Cladosporium caryigenum</i>)</p>	<p><u>Grond-/Trekertoediening:</u> Gebruik watervolumes wat volledige bedekking sal verseker</p> <p><u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ In boorde waar Alternaria die vorige seisoen voorgekom het: In laat lente, dien Obstructo Prime 325 SC as 'n hoë volume toe en herhaal die toediening 2 – 3 weke later. ▶ Vir bloeiselskroei: By vroeë blom, dien Obstructo Prime 325 SC toe en gaan voort met die spuitprogram tot en met die einde van blomblaarval. ▶ MOET NIE Obstructo Prime 325 SC saam met 'n adjuvant op kasjoe en makadamias gebruik nie. ▶ 'n Maksimum van vier (4) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
<p>PAMPOENGEWASSE (spanspek, waatlemoen, pampoen, skorsie, zucchini, komkommer, agurkie, patty pans insluitend alle variëteite en kultivars hiervan)</p> <p>Antraknose (<i>Colletotrichum orbiculare</i>)</p>	<p>Grond- en Lugtoediening 730 – 1000 mℓ/ha</p> <p>SPUITVOLUMES <u>Grond-/Trekertoediening:</u> Minimum 500 ℓ water/ha</p> <p><u>Lugtoediening:</u> 30 – 40 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Begin by blomvorming, dien drie (3) opeenvolgende spuite toe, 7 – 10 dae uitmekaar. ▶ Dien in voldoende watervolume vir volledige bedekking toe. ▶ MOET NIE 'n benatter byvoeg nie. ▶ 'n Maksimum van drie (3) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.
<p>Poeieragtige meeldou (<i>Sphaerotheca fuliginea</i>) (<i>Erysiphe cichoracearum</i>)</p>	<p>Grondtoediening 625 mℓ/ha</p>	
<p>RISSIES (groen/soet/brand rissies, paprika, pimento en pikante rissies)</p> <p>Poeieragtige meeldou (<i>Leveillula taurica</i>)</p>	<p>Grondtoediening 250 mℓ/100 ℓ (Minimum 1000 mℓ/ha)</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Begin by blomvorming, dien twee (2) opeenvolgende spuite toe, 7 dae uitmekaar. ▶ Dien in voldoende watervolume vir volledige bedekking toe. ▶ Die byvoeging van 'n geregistreerde adjuvant kan effektiwiteit bevorder. ▶ 'n Maksimum van drie (3) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word. ▶ Obstructo Prime 325 SC moet in 'n voorkomende spuitprogram saam met geregistreerde swamdoders vanuit ander FRAC groepe, toegedien word.
<p>TAMATIES</p> <p>Vroeë roes (<i>Alternaria solani</i>)</p>	<p>Grondtoediening 100 mℓ/100 ℓ water</p> <p>SPUITVOLUME: <u>Grond-/Trekertoediening:</u> 500 – 1400 ℓ water/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▶ Onder gunstige toestande vir siekteontwikkeling, moet Obstructo Prime 325 SC in blokke van twee (2) opeenvolgende bespuitings 7 – 10 dae uitmekaar toegedien word. ▶ Vir vroeë roes: Obstructo Prime 325 SC kan met 14 dae intervalle herhaal word, mits dit elke 7 dae met 'n geregistreerde swamdoder van 'n ander FRAC groeikode afgewissel word. ▶ Vir laatroes (Phytophthora infestans): die toediening van Obstructo Prime 325 SC afgewissel met chlorothalonil 500 SC of chlorothalonil 720 SC, teen die geregistreerde dosis, in 'n 7-dag siklus sal ook voorkomende beheer verskaf. ▶ 'n Maksimum van ses (6) Obstructo Prime 325 SC toedienings kan per seisoen toegedien word.

Raadpleeg die betrokke etikette vir **GEBRUIKSBEPERKINGS**, **WAARSKUWINGS** (insluitend **WEERSTANDSWAARSKUWING**), **VOORSORGMAATREËLS** en **GEBRUIKSAANWYSINGS** indien dit saam met **Obstructo Prime 325 SC** in 'n tenkmengsel toegedien word.

SAN-AZDC003